

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
juli 2019



"Bibberkoue"
Lensopening: f5,6; Sluiterspoed: 1/125 sekonde; Fokale lengte: 300 mm

Dit kan nie genoeg beklemtoon word nie: Moet tog nie dat jou fotografie stagneer nie! En almal wat reeds vir 'n korter of langer tyd saam met Towerlantern Fotografie kom, sal weet dat dit 'n saak is wat ons voortdurend beklemtoon.

Ons wil dus met hierdie uitgawe dit nog weer onderstreep: Moenie dat jou kamera stof opgaar nie. Verskillende van ons artikels en rubrieke in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* dra dan ook hierdie boodskap aan jou oor: Hou jou kamera warm. Of, as dit nodig is: Stof jou kamera af.

Let in hierdie uitgawe op na uitdagings, waaronder *Naby-fotografie: 'n uitdaging en Daaglikse foto-idees vir Julie - 'n uitdaging*. Stuur enige daarvan om ons te bereik voor 25 Julie 2019. Ons plaas dit graag.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrieff? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!
Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.
Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

— voorbladfoto

Die voorbladfoto is geneem op 'n koue wintersoggend skuins voor agtuur by die Hartbeespoortdam. Die lugtemperatuur was op daardie stadium nul grade Celsius. Die dam het pragtige vroeë oggendmis gehad. Hierdie besonderhede word spesifiek gegee want dit dien as agtergrond tot die foto, naamlik koue, of soos die fototitel sê, *Bibberkoue*.

Die bedoeling met die foto is dan ook spesifiek om die gevoel van koue te beklemtoon. Let op dat die hoofsaaklik blougrys tot grys kleure bydra tot die koue gevoel. En verder beklemtoon die mistigheid nog meer dat dit koud is. Die enigste ligpunte in die foto is die effens sonverligte huis en toppunte van die plante. Teen agtuur was die son darem al 'n klein entjie bokant die noordoostelike horison – en net daarna was die mis weg.

Die foto se boodskap is: Moenie koue vermy nie! As dit nodig is, lê selfs plat in die ryp om rypfoto's te kry. Dit mag dalk net iets besonders wees – gryp dus hierdie uitdaging aan terwyl dit nog winter is.

As die koue van die winter jou regtig laat bibber, draai dan om, terug na die herfs. En blaai aan na die laaste bladsy vir nog bietjie warmte.

RIGLYNE

vir foto's met gevoel

Kyk na die twee foto's hierby en besluit van watter een jy die meeste hou. Daar is nie 'n regte of verkeerde antwoord nie. Die twee foto's verteenwoordig twee groot afdelings van kuns, naamlik realisme en impressionisme. Daar is verskeie tegnieke om 'n impressionistiese foto soos die tweede te kry.

Aanvaar die volgende: Die foto-toneel is reeds gevind, die kamera is op 'n driepoot, daar is 'n redelike komposisie en die fokussering is gedoen.

Die onderstaande aanwysings is vir kamerabeweging, een manier waarmee impressionistiese foto's geskep kan word.

Tipe lens Eksperimenteer self, maar begin met die standaard 18-55 mm lens.

Portret-/Landskapformaat Dit is om die ewe watter keuse jy maak.



ISO Hou by die laagste ISO-waarde.

Witbalans Maak seker van die beligting en kies self.

Keuse van fokuspunt Hoewel 'n impressionistiese foto tipies nie skerp in fokus is nie, moet dit tog redelik gefokus wees. Verkieslik moet daar ook 'n trefpunt wees wat uitstaan.

Lensopening 'n Middelgrootte tot klein lensopening sal waarskynlik nodig wees om die stadige sluiterspoed te kry. Maar eksperimenteer ook verder.

Sluiterspoed Gedurende die oop sluitertyd moet die kamera baie effens op 'n beheerste manier vertikaal of horisontaal beweeg word. 'n Goeie keuse vir die sluiterspoed is 0,8 sekonde.



Nabyfotografie

'n uitdaging

In ons vorige uitgawe het ons heelwat gesels oor nabyfotografie. Ons aanvaar dit het heelwat lesers aangemoedig om die kamera op te tel en self nabyfoto's te neem. Stuur vir ons van jou foto's; ons sal die bestes plaas. Op dié manier kry jy 'n groot aantal kykers. Hier en op die volgende bladsy is twee foto's om jou lus te maak as jy dit nog nie gedoen het nie.



Creative Use of Depth of Field



OP INTERNET GESIEN

As jy graag meer wil lees oor en wil weet van kunsfotografie, kyk dan na die werke van die fotograaf Eva Polak. Gaan byvoorbeeld na die onderstaande adres en lees hoe jy velddiepte kreatief kan gebruik.

<http://evapolak.com/wp/creative-use-of-depth-of-field/>



Towerlantern Fotografie
- julie 2019 -

ONTMOET *JH Pierneef*

Ons het verlede maand gesels oor die skilder Irma Stern en haar skildery *Still Life with Fruit and Dahlias*. Ons het ook genoem dat dié skildery onlangs verkoop is vir R16,16 miljoen rand!

Nog 'n skilder wie se werke teen besonder hoë bedraë oorsee verkoop word, is die Suid-Afrikaanse skilder JH Pierneef (1886-1957). Die skildery hierby, getiteld, *Komposisie, Suidwes-Afrika*, is maar een van baie van sy uitstaande werke. Dit toon ook een van verskeie style waarvoor hy bekend is, naamlik kubisme. Van hierdie werk word gesê (*Wikipedia, Jakobus Hendrik Pierneef*): "Pierneef se abstrakte werke het hewige kritiek uitgelok en hy het uiteindelik na sy tradisionele styl teruggekeer." Wat 'n jammerte.



DeKat, Maart/April 2017, bladsy 50

Let veral op na die meetkundige karakter en struktuur van die skildery. Let ook op hoe die werklike landskap verander word in 'n surrealistiese werklikheid deur die gebruik van lyne en vlakke; en watter dieper dimensie daarmee verkry word – iets om ook in jou fotografie na te streef.

DAAGLIKSE Foto Ideeë VIR JULIE

Ons het vir Meimaand 31 daaglikse foto-idees gegee. Ons hoop jy het dit probeer, al was dit net vir 'n paar dæ. Dit kan uitputtend wees, maar dit is ook baie bevredigend om so iets te doen en jou kameravaardigheid só te vergroot.

Hier is nou vir die hele Julie weer 'n lekker dag-vir-dag uitdaging. Probeer om dit so lank as moontlik te doen. Moet egter nie te lank aan een enkele uitdaging spandeer nie. En as jy agterraak, val weer in by die betrokke datum. Jy mag maar die onderwerpe wyd interpreteer – moet net nie in dié proses ou foto's begin gebruik nie!

As 'n uitdaging: As jy teen 20 Julie voel jy is fiks, stuur jou foto's aan Towerlantern – ons plaas graag van dié foto's in ons volgende uitgawe van *Fotografienuus*.

Hier is die 31 onderwerpe waarmee jy jouself fiks kan maak:

1 Julie	My land
2 Julie	Wild
3 Julie	Nag
4 Julie	Vuur
5 Julie	Selfie
6 Julie	Stoele
7 Julie	Harde werk
8 Julie	Middag
9 Julie	Vergenoeg
10 Julie	Étui

11 Julie	Insek
12 Julie	Teen die muur
13 Julie	Vriende
14 Julie	Groente
15 Julie	Bang
16 Julie	Hard
17 Julie	T staan vir ...
18 Julie	Eindeloos
19 Julie	Pret
20 Julie	Vierkant
21 Julie	Borrels

22 Julie	Winter
23 Julie	'n Paar
24 Julie	Voordeur
25 Julie	Straatligte
26 Julie	Dans
27 Julie	Kombuis
28 Julie	Patroon
29 Julie	Inspirasie
30 Julie	Veelkleurig
31 Julie	Augustus

Hommeltuie (Engels: *drones*) het gekom om te bly. Die meeste van ons fotografe is sekerlik reeds daarvan bewus, veral wat die kamera- en foto-aspek daarvan betref. As jy in besit is van so iets, of daaroor wil gesels, stuur gerus vir ons 'n nota en ook foto's.

Ons plaas hierby 'n aandfoto van die Hartbeespoortdam-omgewing, geneem deur Sampie Stoffberg met sy hommeltuigkamera. Sampie is direkteur van DungBeetle (<https://dungbeetlewaste.co.za/>), 'n firma met die taak om verskillende tipes afvalstowwe te verwyder. Hy skryf die volgende hieroor (en ook uit eie ervaring):



Met jou toestemming wil ek vir jou 'n paar drone-foto's stuur. Die drone-ding is besig om vinnig te groei en dit kan dalk iets wees wat jy kan oorweeg in jou klasse. Drone-foto's maak 'n nuwe wêreld oop wat vroeër net met helikopters of ander vliegtuie beskikbaar was. Die kameras in die beter tipe drones is van uitstaande gehalte.

Ek dink die DJI produkte, soos die "Phantom 4 plus" en die "Mavic 2" met 'n Hasselblad-kamera is die voorlopers in die hommeltuie wat die man op straat kan bekostig: ± R30 000. Daar is drones wat meer as R200 000 kos met profesionele kameras, wat die filmwêreld vinnig oorneem en wat die gebruik van helikopters vir die maak van films oorneem of vervang.

Towerlantern Fotografie
- julie 2019 -

TOWERLANTERN-UITSTALLING: *September 2019*



Ons is in die sewende maand van 2019, Julie, en Towerlantern Fotografie se foto-uitstalling in die Potchefstroomse Openbare Museum begin in die negende maand, September 2019. Daar is dus nog net TWEE maande oor.

As fotograaf word jy nou uitgenooi om werke voor te berei vir hierdie uitstalling.

Die volledige inligting is reeds uitgestuur. As jy dit nie gekry het nie, of nie kan opspoor nie, kontak ons by by johan@towerlantern.co.za. Reageer asseblief so gou as moontlik daarop, en voorkom sodoende teleurstelling aangesien die uitstalruimte beperk is.

Hier is 'n opsomming van die belangrikste datums:

Instuur van voorlegging	24 Julie
Instuur van fotobesonderhede	16 Augustus
Inhandigingsdatum	30 Augustus
Uitstaltydperk	3 tot 30 September
Opening	3 September
Afhaaldatum	30 September

Volgende fotografiekursusse van Towerlantern Fotografie

Dit is vir ons aangenaam om die volgende kursusse bekend te stel wat DV gedurende die tweede semester gaan plaasvind:

Eerste vlak kursus

Hierdie kursus begin reeds op 11 Julie 2019. Dit behels 10 klasse van 2½ uur elk, laatmiddae (17:00 tot 19:30) aangebied en dit strek oor ongeveer 5 weke. Jy hoef niks van fotografie of jou kamera te weet om daarvoor in te skryf nie. Al wat nodig is, is 'n SLR-kamera.

Gevorderde vlak kursus

Hierdie kursus begin op 20 Augustus 2019. Dit behels 10 lesings van 3 uur elk, een keer per maand aangebied. Dus duur dit tot Junie 2020. As jy belangstel, laat hoor vinnig van jou. By die lees hiervan is die kursus reeds halfpad vol bespreek.

Towerlantern Fotografie
- Julie 2019 -

Laaste gedagte oor foto's met *gevoel*

In teenstelling met ons koue voorbladfoto, *Bibberkoud*, wil ons hierdie uitgawe liewers op 'n warm noot afsluit. Laat hierdie foto met sy warm kleure jou dus inspireer om – ten spyte van die winter – nog steeds die amper vergange warmte van die herfs raak te sien; en om dit te beleef en te fotografeer.

Let veral ook op dat al is daar heelwat blou in die foto (dié keer die blou lug), die rooibruin so oorweldigend is dat dit steeds die warmte van die herfs gevoelvol oordra. Geniet hiermee steeds jou fotografie.

Lensopening: f2,8; Sluiter spoed: 1/200 sekonde; Fokale lengte: 100 mm